


OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

20c Dinsdag 15 Januarie 1980 WINDHOEK Tuesday 15 January 1980 No. 4071

INHOUD:

CONTENTS:

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. 6 Inwerkingtreding van Artikels 6 en 7 van die Munisipale Wysigingsordonnansie, 1978 (Ordonnansie 12 van 1978) ten opsigte van die Regsgebied van die Munisipaliteit van Windhoek
- No. 7 Munisipaliteit Otavi: Wysiging van Gesondheidsregulasies
- No. 8 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Bouregulasies
- No. 9 Sluiting van Plaaspad 600 en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Keetmanshoop
- No. 10 Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Outjo
- No. 11 Munisipaliteit Windhoek: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing

ALGEMENE KENNISGEWING:

- No. 2 Aanstelling van Waarnemende Direkteur: Gesondheidsdienste

Advertensies:

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 6 Commencement of Sections 6 and 7 of the Municipal Amendment Ordinance, 1978 (Ordinance 12 of 1978) in respect of the Area of Jurisdiction of the Municipality of Windhoek 13
- No. 7 Municipality of Otavi: Amendment of Health Regulations 13
- No. 8 Peri-Urban Development Board: Amendment of Building Regulations 14
- No. 9 Closing of Farm Road 600 and Proclamation and Classification of a Road: District of Keetmanshoop 14
- No. 10 Proclamation and Classification of a Road: District of Outjo 15
- No. 11 Municipality of Windhoek: Amendment of Electricity Supply Regulations 16

GENERAL NOTICE:

- No. 2 Appointment as Acting Director: Health Services 16

Advertisements: 17

Goewermentskennisgewings

Government Notices

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notices are published for general information.

J. F. GREEBE,
Sekretaris van Suidwes-Afrika

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administrasie van
Suidwes-Afrika
Windhoek

Administration of
South West Africa
Windhoek

No. 6

15 Januarie 1980

**INWERKINGTREDING VAN ARTIKELS 6 EN 7
VAN DIE MUNISIPALE WYSIGINGSORDON-
NANSIE, 1978 (ORDONNANSIE 12 VAN 1978)
TEN OPSIGTE VAN DIE REGSGEBIED VAN DIE
MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 10 van die Munisipale Wysigingsordonnansie, 1978 (Ordonnansie 12 van 1978), bepaal dat artikels 6 en 7 van genoemde Ordonnansie ten opsigte van die Windhoekse Munisipale gebied op 1 Julie 1980 in werking tree.

No. 6

15 January 1980

**COMMENCEMENT OF SECTIONS 6 AND 7 OF
THE MUNICIPAL AMENDMENT ORDINANCE,
1978 (ORDINANCE 12 OF 1978) IN RESPECT OF
THE AREA OF JURISDICTION OF THE
MUNICIPALITY OF WINDHOEK**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 10 of the Municipal Amendment Ordinance, 1978 (Ordinance 12 of 1978), determined that sections 6 and 7 of the said Ordinance shall in respect of the Windhoek Municipal Area come into operation on 1 July 1980.

No. 7

15 Januarie 1980

**MUNISIPALITEIT OTAVI
WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende wysiging goedgekeur van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 193 van 1956 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 46 van 1963, 98 en 116 van 1969 en 49 en 75 van 1975.

1. Bylae "A" word hiermee gewysig deur —

(a) in paragraaf 1 —

- (i) subparagraaf (i) te skrap; en
- (ii) die uitdrukking "R1,60" in subparagraaf (ii) deur die uitdrukking "R3,00" te vervang; en

(b) in paragraaf 2.1 —

- (i) die uitdrukking "R3,00" in subparagraaf (a) deur die uitdrukking "R4,00" te vervang; en
- (ii) subparagraaf (b) deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(b) Ten opsigte van elke openbare gebou, besigheid, fabriek en woonstelgebou: Vir die eerste vrag van 10 000 liter (of gedeelte daarvan) in enige maand: R4,00;

Vir elke addisionele vrag van 10 000 liter (of gedeelte daarvan) in daardie maand: R4,00 per vrag.”

No. 7

15 January 1980

**MUNICIPALITY OF OTAVI
AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations promulgated under Government Notice 193 of 1956 as amended by Government Notices 46 of 1963, 98 and 116 of 1969 and 49 and 75 of 1975.

1. Schedule "A" to be amended by:

(a) in paragraph 1 —

- (i) the deletion of subparagraph (i); and
- (ii) the substitution of the expression "R1,60" with the expression "R3,00"; and

(b) in paragraph 2.1 —

- (i) the substitution of the expression "R3,00" with the expression "R4,00" in subparagraph (a); and
- (ii) the substitution of subparagraph (b) with the following subparagraph:

“(b) In respect of each public building, business, factory and flat building: For the first load of 10 000 liters (or portion thereof) in any month: R4,00;

For each additional load of 10 000 liters (or portion thereof) during that month: R4,00”;

2. Bylae "B" word gewysig deur in paragraaf 1 —

- (a) die uitdrukking "R1,00" deur die uitdrukking R2,00" te vervang; en
- (b) subparagrafe (i) en (ii) te skrap.

2. Schedule "B" paragraph 1 to be amended by —

- (a) the substitution of the expression "R1,00" with the expression "R2,00"; and
- (b) the deletion of subparagraph (i) and (ii).

No. 8

15 Januarie 1980

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING
WYSIGING VAN BOUREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee het —

- (a) kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 26 van 1972, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit; en
- (b) kragtens artikel 40, gelees met artikel 36(3), van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewings 276 van 1953, 15 van 1964 en 208 van 1958 herroep.

BYLAE

Regulasie 19 word deur die volgende regulasie vervang:

"19. Hierdie regulasies is van toepassing op die Buitestedelike Gebiede van Aranos, Ariamsvlei, Brakwater, Grunau, Hentiesbaai, Kalkfeld, Kalkrand, Kamanjab, Omitara, Stampriet en Wlotzkasbaken."

No. 9

15 Januarie 1980

SLUITING VAN PLAASPAD 600 EN PROKLAMERING EN KLASIFISERING VAN 'N PAD:
DISTRIK KEETMANSHOOP

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Keetmanshoop plaaspad 600 wat aangetoon word op sketskaart P994 gesluit soos in Bylae I hieronder beskryf en 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P994 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in Bylae II hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot plaaspad (nommer 600) verklaar.

No. 8

15 January 1980

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD
AMENDMENT OF BUILDING REGULATIONS

The Executive Committee has —

- (a) by virtue of section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) further amended the regulations promulgated by Government Notice 26 of 1972 as amended, as set out in the Schedule; and
- (b) by virtue of section 40, read with section 36(3) of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) repealed the regulations promulgated by Government Notices 276 of 1953, 15 of 1964 and 208 of 1958.

SCHEDULE

Substitute the following for regulation 19:

"19. These regulations shall be applicable to the Peri-Urban Areas of Aranos, Ariamsvlei, Brakwater, Grunau, Henties Bay, Kalkfeld, Kalkrand, Kamanjab, Omitara, Stampriet and Wlotzkasbaken."

No. 9

15 January 1980

CLOSING OF FARM ROAD 600 AND PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD: DISTRICT OF KEETMANSHOOP

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Keetmanshoop closed farm road 600 which is indicated on sketch-map P994 and described in Schedule I hereto and proclaimed a road which is indicated on sketch-map P994, defined the course thereof as described in Schedule II hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a farm road (number 600).

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoor-ure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE I

Beskrywing van pad

Die pad beskryf as plaaspad 600 in Bylaes I en II van Goewermentskennisgewing 95 van 1977.

Gedeelte gesluit

Die hele

BYLAE II

Van 'n punt (M op sketskaart P994) op die gemeenskaplike grens van die plase Restant van Leverbreek 110 en Stamprivier 108 algemeen suidsuidooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (G op sketskaart P994) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plase Stamprivier 108 en Gedeelte 11 (Dieprivier) van Gedeelte A van Holoog 106 tot op 'n punt (D op sketskaart P994) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plaas Gedeelte 11 (Dieprivier) van Gedeelte A van Holoog 106 tot op 'n punt (C op sketskaart P994) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordooswaarts oor die plaas Gedeelte 11 (Dieprivier) van Gedeelte A van Holoog 106 tot op 'n punt (B op sketskaart P994) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor die plase Gedeelte 11 (Dieprivier) van Gedeelte A van Holoog 106, Spoorwegreserwe en Gedeelte 8 van Gedeelte A van Holoog 106 tot op 'n punt (A op sketskaart P994) op grootpad 28 op laasgenoemde plaas.

No. 10

15 Januarie 1980

PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD; DISTRIK OUTJO

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 22(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, in die distrik Outjo 'n pad wat aangetoon word op sketskaart P1059 geproklameer, die loop daarvan bepaal soos in die Bylae hieronder beskryf en dit kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 23(1) van genoemde Ordonnansie tot grootpad (nommer 68) verklaar.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoor-ure by die kantoor van die Direkteur van Paaie, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (B op sketskaart P1059) op die noordelike grens van die plaas Monte Bello 456 wat ook

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

SCHEDULE I

Description of road

The road described as farm road 600 in Schedules I and II of Governemnt Notice 95 of 1977.

Portion closed

The whole

SCHEDULE II

From a point (M on sketch-map P994) on the common boundary of the farms Remainder of Leverbreek 110 and Stamprivier 108 generally south-south-eastwards across the last-mentioned farm to a point (G on sketch-map P994) on the last-mentioned farm; thence generally eastwards across the farms Stamprivier 108 and Portion 11 (Dieprivier) of Portion A of Holoog 106 to a point (D on sketch-map P994) on the last-mentioned farm; thence generally north-eastwards across the farm Portion 11 (Dieprivier) of Portion A of Holoog 106 to a point (C on sketch-map P994) on the last-mentioned farm; thence generally north-eastwards across the farm Portion 11 (Dieprivier) of Portion A of Holoog 106 to a point (B on sketch-map P994) on the said farm; thence generally east-north-eastwards across the farms Portion 11 (Dieprivier) of Portion A of Holoog 106, Railway Reserve and Portion 8 of Portion A of Holoog 106 to a point (A on sketch-map P994) on main road 28 on the last-mentioned farm.

No. 10

15 January 1980

PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD: DISTRICT OF OUTJO

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 22(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, in the district of Outjo proclaimed a road which is indicated on sketch-map P1059, defined the course thereof as described in the Schedule hereto and under and by virtue of the provisions of section 23(1) of the said Ordinance declared it a main road (number 68).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Director of Roads, Windhoek.

SCHEDULE

From a point (B on sketch-map P1059) on the northern boundary of the farm Monte Bello 456 which

die gemeenskaplike grens is van laasgenoemde plaas en die Nasionale Etoshawildtuin algemeen noordwaarts oor die Nasionale Etoshawildtuin tot op 'n punt (C op sketskaart P1059) by die ingangshek aan die suidelike kant van die kamp van Okaukuejo.

is also the common boundary of the last-mentioned farm and the National Etosha Game Reserve generally northwards across the National Etosha Game Reserve to a point (C on sketch-map P1059) at the entrance gate on the southern side of the camp at Okaukuejo.

No. 11

15 Januarie 1980

**MUNISIPALITEIT WINDHOEK
WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISI-
TEITSVERSKAFFING**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysigings goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Windhoek by Goewermentskennisgewing 51 van 1958, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 97 en 158 van 1959, 29 van 1960, 166 van 1964, 79 van 1966, 144 en 276 van 1973, 249 van 1974, 262 van 1975, 169 en 339 van 1976, 257 van 1977, 126 van 1978 en 80 van 1979.

1. Vervang in paragraaf 5(f) van bylae "F" die volgende:
 - (a) in subparagraaf (i)(ee)2 die bedrag van "R10,00" deur "R20,00";
 - (b) in subparagraaf (i)(ff) die bedrag van "R10,00" deur "R15,00".

No. 11

15 January 1980

**MUNICIPALITY OF WINDHOEK
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY
REGULATIONS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendments of the regulations made applicable to the Municipality of Windhoek by Government Notice 51 of 1958, as amended by Government Notices 97 and 158 of 1959, 29 of 1960, 166 of 1964, 79 of 1966, 144 and 276 of 1973, 249 of 1974, 262 of 1975, 169 and 339 of 1976, 257 of 1977, 126 of 1978 and 80 of 1979.

1. Substitute the following in paragraph 5(f) of appendix "(F)":
 - (a) the amount of "R20,00" for "R10,00" in subparagraph (i)(ee)2;
 - (b) the amount of "R15,00" for "R10,00" in subparagraph (i)(ff).

Algemene Kennisgewing

General Notice

No. 2 van 1980)

**AANSTELLING VAN WAARNEMENDE
DIREKTEUR: GESONDHEIDSDIENSTE**

Hiermee word vir algemene inligting bekend gemaak dat dr. Werner Hermann Gustav Kuschke met ingang van 1 November 1979 aangestel is as Waarnemende Direkteur: Gesondheidsdienste.

DR. W. H. G. KUSCHKE
Waarnemende Direkteur: Gesondheidsdienste

No. 2 of 1980)

**APPOINTMENT AS ACTING DIRECTOR:
HEALTH SERVICES**

It is hereby notified for general information that dr. Werner Hermann Gustav Kuschke has been appointed with effect from 1 November 1979 as Acting Director: Health Services.

DR. W. H. G. KUSCHKE
Acting Director: Health Services

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word. of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedgevind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing ten die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

<i>Tipe</i>	<i>Tarief</i>	<i>Type</i>	<i>Charge</i>
1. Oordrag van besigheid.....	R3,25	1. Transfer of business	R3,25
2. Regsveulings — Hooggeregshof	R5,20	2. Sale in execution — Supreme Court	R5,20
<p>12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 45 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).</p>		<p>12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 45 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).</p>	
<p>13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.</p>		<p>13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.</p>	

LAW SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICA

NOTICE OF ANNUAL GENERAL MEETING

Notice is hereby given in terms of Bye-Law No. 2 of Proclamation No. 32 of 1921 that the ANNUAL GENERAL MEETING of the LAW SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICA will be held at the HOTEL CONTINENTAL, Kaiser Street, WINDHOEK, at FRIDAY, 14TH MARCH, 1980 at 15h00 when the undermentioned business will be transacted:

- (a) Consideration of the President's Report for the past year;
- (b) Consideration and adoption of the Statements of Account for the past year and the Balance Sheet;
- (c) Election of one Councillor;
- (d) The election of Auditors and the fixing of the amount of their remuneration;
- (e) Consideration and transaction of any special business of which due notice shall have been given by any member;
- (f) The fixing of subscriptions payable by members for the year 1980;
- (g) Consideration and transaction of any business deemed necessary by the Council.

Notices and Nominations in Terms of Bye-Laws No'6 and 23 are called for.

ATTENTION is drawn to the fact that under Bye-Law No. 6 any member desiring to bring forward any special business before the General Meeting must give the Secretary 21 days notice in writing; and that under Bye-Law No. 23 nominations for Councillors must be made 21 days before the Meeting in writing to the Secretary and must bear the consent of the Nominee.

Copies of the President's Report, Statements of Account and Balance Sheet will be forwarded to members in due course in terms of Bye-Law No. 38.

The attention of members is specifically directed to the requirements in respect of proxies as set out in Bye-Laws No'6 16 and 17.

Mr. C. A. A. van der Westhuizen, member of the Council, retires at the Annual General Meeting by effluxion of time, but is eligible for re-election and nominations are called for to fill the vacancy thus occurring on the Council.

DATED AT WINDHOEK THIS 19TH DAY OF DECEMBER, 1979.

(Sgd) C. DU PREEZ
Secretary
Law Society of SWA

OORDRAG VAN LISENSIES

Kennis geskied hiermee dat na afloop van 14 dae vanaf verskyning van hierdie kennisgewing aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik Keetmanshoop, om die oordrag van die Algemene-handelaars, Verversingskamer (kafee), Varsprodukte-handelaars, Tabak (by kleinmaat) handelaars en Patente medisynehandelaars lisensies wat gehou is deur MICHAEL JOHANNES ESTERHUIZEN en JOHANNES NICOLAAS TALJAARD in vennootskap ten opsigte van persele en besigheid wat daarin gedryf word onder die naam ESTAL DIENS op Erf Nr. 872 hoek van Warmbaderweg, Talstraat in Keetmanshoop Dorp, aan DAVID HERMANUS BOTES, wie sodanige besigheid vir eie belang en rekening vanaf 1 Desember, 1979 dryf onder die naam ESTAL DIENSSTASIE en KAFEE.

RISSIK, COX & PROBART
Prokureurs vir die Partye
Posbus 90 KEETMANSHOOP

KEETMANSHOOP
1ste Desember, 1979

